# HEBREËRS 3:12-19

**TEMA:** **Christus, groter as Moses**

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-oOo-

## SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING: HEBREERS 3:12-19

**Heb 3:12 Sorg daarvoor, broeders, dat daar nie miskien in een van julle 'n bose en ongelowige hart is deurdat hy van die lewende God afvallig word nie.**
**Heb 3:13 Maar vermaan mekaar elke dag so lank as dit vandag genoem word, sodat niemand van julle deur die verleiding van die sonde verhard word nie.**
**Heb 3:14 Want ons het deelgenote van Christus geword, as ons net die begin van ons vertroue tot die einde toe onwrikbaar vashou;**
**Heb 3:15 omdat daar gesê word: Vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie soos in die verbittering nie.**
**Heb 3:16 Wie was dit dan wat gehoor het en Hom verbitter het? Was dit nie almal wat onder leiding van Moses uit Egipte gegaan het nie?**
**Heb 3:17 En op wie was Hy veertig jaar lank vertoornd? Was dit nie op die wat gesondig het, wie se lyke in die woestyn geval het nie?**
**Heb 3:18 En aan wie het Hy gesweer dat hulle in sy rus nie sal ingaan nie, behalwe aan die ongehoorsames?**
**Heb 3:19 En ons sien dat hulle deur ongeloof nie kon ingaan nie.**

-o0o-

### 1. VERMAAN MEKAAR

**Heb 3:12 Sorg daarvoor, broeders, dat daar nie miskien in een van julle 'n bose en ongelowige hart is deurdat hy van die lewende God afvallig word nie.**
**Heb 3:13 Maar vermaan mekaar elke dag so lank as dit vandag genoem word, sodat niemand van julle deur die verleiding van die sonde verhard word nie.**

Ons is broeders en susters in Christus en mekaar se wagte en moet na mekaar kyk. Dit is die moeilik om 'n fout te sien wanneer jy binne 'n situasie verkeer, maar die persoon wie van die buite kant af kyk, kan baie makliker die foute raak sien.

- **'n Rugby spel**

Die afrigter bestudeer die rugby spel. Die spelers kan nie so maklik die foute raak sien nie, omrede hulle in die spel is, maar die afrigter en die toeskouers kan. Daarom moet ons mekaar ondersteun en **vermaan in liefde;** nie mekaar se lewens en foute met 'n vergrootglas ondersoek; ook nie God se sambok uittrek om mekaar te slaan nie. Daarom sê die Woord in vers 13 dat ons *mekaar in liefde moet vermaan.*

- **Een in Christus**

**Heb 3:14 Want ons het deelgenote van Christus geword, as ons net die begin van ons vertroue tot die einde toe onwrikbaar vashou;**
Die Woord sê: ons is deel van Christus en het een geword met Hom.

- **Harde Harte**

**Heb 3:15 omdat daar gesê word: Vandag as julle sy stem hoor, verhard julle harte nie soos in die verbittering nie.**

Hierdie is 'n baie duidelike opdrag van God en 'n skrif om op te mediteer.
*Mense verhard hulle harte teenoor:*
- Die ware verkondiging van die evangelie;
- Die werking van die Heilige Gees;

-o0o-

- Die ware werklikheid van die Skrif.

*Wanneer jy die opdrag van God se Woord uitvoer, gebeur dit soms dat*:
- Mense jou vermy en ignoreer;
- Verwyder jou van hul adreslys;
- Stuur jou die lelikste boodskappe

Die Woord van God waarsku ons kan **nie godsdienstig** word nie maar moet in 'n **verhouding met Hom staan.** Die Verbond gaan oor 'n **liefdesverhouding** met die Seun, deur die Gees. *Dit is waarom Hy Sy Bloed aan ons gegee het vir 'n liefdesverhouding.*

## 2. VERBOND

- Dit is soos 'n bruid en 'n bruidegom wat in 'n verbond met mekaar staan, soos in 'n huwelik waar hulle een word
- Net so moet ons met Jesus Christus een word.

*Christus het die perfekte voorbeeld en vereistes vir ons kom stel, waarmee Hy met niks anders tevrede sal wees nie.* Daarom moet ons daaraan voldoen.

- **Egipte, die verlore mens**:

**Heb 3:16 Wie was dit dan wat gehoor het en Hom verbitter het? Was dit nie almal wat onder leiding van Moses uit Egipte gegaan het nie?**
**Heb 3:17 En op wie was Hy veertig jaar lank vertoornd? Was dit nie op die wat gesondig het, wie se lyke in die woestyn geval het nie?**
**Heb 3:18 En aan wie het Hy gesweer dat hulle in sy rus nie sal ingaan nie, behalwe aan die ongehoorsames?**
**Heb 3:19 En ons sien dat hulle deur ongeloof nie kon ingaan nie.**

**Egipte is 'n tipe van die verlore mens.**
*Moses wat 'n tipe van Christus is, het hulle gelei uit:*
- Slawerny van sonde,
- Die jukke van Egipte,
- Gebondenheid.

Hy het hulle kinders gemaak en die land Kanaän belowe wat oorloop van melk en heuning. Hy het homself geopenbaar as God, deur al die wonders en tekens wat hy gedoen het.

Jy kan nog steeds 'n **ongehoorsame** wees al is jy gered.
Jy kan nog steeds **verlore** gaan al het jy jou hart vir die Here gegee.
God het ons alles gegee om die plek te vervul en reg te maak met Hom. Hy kan niks meer gee nie, Ek sê altyd: *"Hy het die hemel leeg gemaak*".

Die vraag is:
Wat maak ek en jy met dit?
Staan ons in **o**ngeloof met allerlei verskonings en vrae in ons gedagtes, om Hom nie te vertrou nie?
Glo ons Hy sal voorsien elke maand? Dit noem ons die vlees dimensie.

- **Die Vlees Dimensie**

- Tiperend van die 5 konings wat aan die pale opgehang moes word. (Josua 10:23-26)
- Dit is die grootste vyand van die kind van God vandag,
- Dit maak dat die kinders van God nie hulle roepings kan uitlewe nie,
- Nie hulle plek in die liggaam kan vervul nie,
- Nie die regte belydenisse kan doen nie.
- Daarom sal hulle eendag nie die ewigheid sien nie.

Omrede die mense **nie** in die **Verbond** is nie en gestop het by 'n plek sonder enige geestelike groei.

## 3. JOSUA GENERASIE

God is besig om 'n nuwe Verbondsvolk met die Josua generasie op te rig. Baie sal sê Joshua en Kaleb was die oudste manne in die kamp. Die jonger generasie gaan egter nie oor ouderdom nie.

*Dit is 'n nuwe Verbondsvolk met God*.
- Hy is besig om in hierdie dae deur Sy Gees die nuwe verbondsvolk op te wek in die woestyn.

-o0o-

- Hy sal hulle geestelik deur die Jordaan lei, die besnydenis van die volk soos deur Joshua (Josua 5) toepas, waar God toe 'n nuwe Verbond met hulle gemaak het.
- In die nuwe Verbond van Christus Jesus moet ons in sy doop gedoop wees.

- **Ken jou plek en deel**

In Joshua 4 lees ons

- Die Verbond kom eers na die Jordaan, nie voor die Jordaan nie
- Die Besnydenis kom na die Jordaan en nie voor die Jordaan nie.

**Ek laat jou met die volgende gedagte:**
**Heb 3:1 Daarom, heilige broeders, deelgenote van die hemelse roeping, let op die Apostel en Hoëpriester van ons belydenis, Christus Jesus**,

- Kan God vandag vir jou sê jy is 'n heilige broeder, en 'n heilige suster? Indien "ja", dan het jy 'n hemelse roeping op jou lewe, dan word jy deelgenote daaraan. Dit beteken om daardie belydenis daagliks uit te lewe, nie net met jou mond nie, maar ook as 'n getuie.

- Jou lewe moet getuig dat Jesus Christus die Hoëpriester, Apostel en Koning is van jou lewe. Dat Hy opgestaan het, dat Hy omgee, dat Hy die volmaakte offer is wat God, die Vader vir die mensdom gegee het. Jy moet hierdie getuienis vir die mensdom daar buite gaan uitlewe.

- Ons moet die beeld van Christus Jesus uitdra.

- Die Bruid dra dieselfde naam as Die Bruidegom.

-o0o-